

Leef deur die Gees

Ontdek die werk van die Heilige Gees in jou lewe

deur Jimi le Roux

DEEL EEN: DIE KRAG VAN DIE GEES

Ervaar die Heilige Gees in sy besondere werk, bv. profesie, kragte, genesing. Hierdie deel bevat ons “profetiese kursus” en ons doel is om te wys dat die profetiese ‘n eenvoudige en algemene deel van elke Christen se lewe kan wees.

DEEL TWEE: DIE VRUG VAN DIE GEES

Word vervul deur die Gees en begin SY vrug dra: liefde, vreugde, vrede, ens. Leer ook om diensbaar te word met jou gawes: hierdie deel bevat ons “gawe-kursus”, wat jou sal leer wat jou unieke, goddelike roeping is en hoe om dit uit te leef.



Leef deur die Gees

Twintig kort studies oor die praktyke van 'n Geesvervulde lewe

Inhoud

DEEL EEN: DIE KRAG VAN DIE GEES

1. Wie is die Heilige Gees?
2. Openbaring en leiding
3. Profesie: gawe en bediening
4. Profesie: Skrif-agtergrond
5. Profesie: ontvangs en verstaan
6. Profesie: riglyne en grense
7. Profesie: oordrag en bedoeling
8. Spreek in tale
9. Die gawes van genesing
10. Die salwing van die Gees

DEEL TWEE: DIE VRUG VAN DIE GEES

11. Die vervulling met die Gees
12. Die vrug van die Gees
13. Die leiding van die Gees
14. Die gawes van die Gees
15. Gawes: in die Skrif
16. Gawes: in die liggaam
17. Gawes: ontvang jou gawes
18. Gawes: onderskei jou gawes
19. Gawes: bedien met jou gawes
20. Die transformasie van die Gees

Doelwitte van hierdie kursus:

- 'n Kort en kragtige aanbieding,
- Bybelgetroue, relevante en praktiese informasie oor 'n lewe deur die Gees,
- inspirasie om dit te implementeer,
- die transformasie van lewens en
- die vorming van kragtige instrumente in God se hand.

As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.

Gal 5:25 OAV

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

Rom 8:14 NAV

'n Lewe deur die leiding en krag van die Heilige Gees is die normale lewe vir elke Christen. Dis nie net bedoel vir sommige, 'gevorderde' Christene nie, maar vir alle Christene. Dis ook nie moeilik of vreemd nie – dis ons gewone praktyk, wat veral vra dat ons meer bewustelik deur die Gees leef: bewus van sy teenwoordigheid, van God se inspraak, van die geleentheid om ons, van God se krag en van my gawes en bediening as God se instrument.

In hierdie kursus ondersoek ons die praktyk van só 'n lewe!